PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

15 Oktober 2023 | 041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Indien jy vanoggend 'n **besoeker**, **'n nuwe intrekker of - lidmaat** is hier by Hoogland, vertrou ons dat vanoggend se diens ook vir u 'n belewenis en 'n Goddelike ontmoeting sal wees.

Neem asseblief die vrymoedigheid en kom ontmoet ds Sunell na afloop van die diens voor by die preekstoel.

Baie Welkom: Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Nagmaal - Ds Sunell Ribbens
10:00 GVG in hulle onderskeie lokale

17:00 Buffelsfonteindiens: Nagmaal - Ds Sunell Ribbens

Deurkollekte: VCSV

Program vir die Week

Maandag: 16 Oktober
10:00 Gebedsaksie in die Kapel

Dinsdag: 17 Oktober
18:30 *Unlocking the Bible* - kursus

Woensdag: 18 Oktober
08:45 B'fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

Donderdag: 19 Oktober
10:30 Woord Werkgroep
18:00 Finale Fase groep en ouers ontmoet in die kerk

Vrydag: 20 Oktober
05:15 Mannebediening
18:00 JEUGAAND

Algemeen

Bydraes

Snap here to pay
SnapScan

Bankbesonderhede
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Almal is welkom vir 'n lekker koffie & "*hot chocolate*" direk na die erediens in die Voorhuis.
Onthou asseblief: Hoogland maak staat op u donasies.

ONTHOU ASSEBLIEF - Enige gebedsversoeke kan vertroulik met 'n *WhatsApp*-boodskap gestuur word na: 079 815 9325

Nominasie vir die kerkraad

Nominasievorms vir die verkiesing van nuwe kerkraadslede is in die brosjure vakkies beskikbaar. Die vorms kan ook per e-pos aangevra word by info@pehoogland.co.za.

Handig asseblief die voltooide nominasievorms teen Maandag, 23 Oktober 2023 om 12:00, by die kerkkantoor in. Plaas dit ook gerus in die kollektebord, of e-pos dit na info@pehoogland.co.za.

Belydenisaflegging 2023

Volgende Sondag, 22 Oktober het die volgende groep jongmense geleentheid om hulle geloof in Jesus Christus te bely:
Yvette Astle, Jacques Grootendorst, Madison Kunneke, Stephan Meyer, Meliné Meyer, Luke Street en Tiaan van Heerden

Hierdie groep, met hul ouers, ontmoet Donderdagaand, 19 Oktober om 18:00 in die kerk om deur Sondag se verrigtinge te gesels.

Algemene Sinode

Volgende week, 15 - 20 Oktober, is dit die NG Kerk se Algemene Sinodesitting. Ds Pieter Nel & ouderling Wynand Breytenbach gaan hierdie verrigtinge bywoon.

Voorbidding word gevra vir ons leiers van hierdie groot vergadering.

Wees versigtig vir enige verdagmakery wat op verskeie media platforms die rondte doen.

Gaan *like* gerus dié volgende Facebook bladsy vir eerlike terugvoer sou u graag die gebeure en besprekings daar wou volg - https://www.facebook.com/ngkerk.

Hoogland Gebedsaksie

Hierdie week bid Hoogland vir Israel ....
Jesus huil oor Sy volk Israel, maar ook oor elke verlore Palestyn.
HERE, vernietig elke spoor van onreg, geweld en haat in ons.
Vul ons met U LIEFDE, met gehoorsaamheid aan U en met die erbarming en onvernietigbare goedgesindheid jeens ons naaste, wat net deur U, Heilige Gees, in ons bewerkstellig kan word.
IN JESUS NAAM ... AMEN

Hoogland Jeugaand

Gr 8 - 12 Jongmense

Vrydagaand, 20 Oktober vanaf 18:00 - 20:00

ALMAL is baie welkom -

bring gerus jou NIE-Hoogland vriende saam.

Uit die hart....

Angelique Havenga verduidelik die nagmaal so treffend:

Sy vertel dat soveel van die spesiale oomblikke in die lewe gebeur rondom tafels. Dis waar ons gesels, eet, kuier, werk en soms selfs speel. Dis ook die plek waarheen ons elke keer weer terugkom. Na 'n lang dag by die skool of werk, of nadat ons heel middag lekker gespeel het, kom sit ons aan by die tafel.

Jesus het geweet dat om saam te eet deel is van ons bestaan. Hy het een van die mees alledaagse gebeurtenisse in ons lewe gebruik om ons vir ewig te herinner aan wie Hy is. Die Nagmaal herinner ons ook dat ons Sy navolgers is en wat ware gemeenskap is.

Die Nagmaal is 'n fisiese teken wat ons herinner aan God se ewigdurende, onvoorwaardelike liefde vir ons. Wanneer ons die brood eet en wyn/sap drink, herinner dit ons dat Christus sy liggaam (brood) en sy bloed (wyn/ sap) gegee het sodat ALMAL vergewe kan word en ALMAL mag deel in sy liefde.

Dis 'n geleentheid waar ons vir 'n oomblik nadink oor Sy lyding, maar dit is ook 'n fees wat ons vier saam met ander, juis sodat ons kan onthou dat Jesus ons almal liefhet en dat ons mekaar ook só moet liefhê.

Mag ons as geloofsfamilie vandag saam God se opofferende liefde onthou en mag ons geloof deur liefde tot dade oorgaan.

Ds Sunell